Ark Blitz

Samuel =

Ek het hom by die Here gekry

Les 27 – **A Die Here verander trane in blydskap**

Maats lees: 1 Samuel 1:1 – 2:1

Lank gelede was daar ’n man van wie ons in die Bybel lees met die naam Elkana. Hy het twee vrouens gehad. Die een se naam was Hanna en die ander se naam was Peninna. Peninna het kinders gehad, maar Hanna kon nie kinders hê nie. In daardie tyd het die mense nie in elke dorp kerke gehad soos vandag nie. Elkana en sy gesin moes een keer per jaar baie ver loop om die Here in ’n ander dorp by die tempel te gaan aanbid. By daardie tempel het daar priesters gewerk, amper soos vandag se dominees. Die ou priester se naam was Eli en sy twee seuns, wat ook priesters was, se name was Hofni en Pineas. By die kerk het daar dan altyd ’n baie hartseer ding gebeur. Peninna het vir Hanna gespot omdat sy nie kon kinders hê nie. Dink julle dit het vir Hanna hartseer gemaak? Natuurlik, ja. Dit was mos nie haar skuld dat sy nie kon kinders hê nie. Hanna wou nie meer so hartseer wees nie. Sy het besluit om oor haar hartseer met die Here te praat. Sy wou so graag kinders hê, dat sy ’n gelofte aan die Here gemaak het. As ons aan mekaar beloftes maak, is dit ’n baie ernstige ding. Ons mag nooit ons beloftes verbreek nie. Maar wanneer ons aan die Here ’n belofte maak, is dit baie ernstiger. Dan noem ons dit nie ’n belofte nie, maar ’n gelofte. Hanna het die volgende gelofte aan die Here gemaak: As die Here vir haar ’n seun gee, sal sy haar seun toelaat om elke dag vir die Here by die tempel te werk. Die ou priester, Eli, het gesien hoe Hanna met die Here praat. Haar mond het net effens beweeg terwyl sy saggies gebid het. Eli dink toe dat sy dronk is. Dink julle sy was dronk? Nee, nooit nie. Sy was dalk net ’n bietjie hartseer en baie ernstig toe sy saggies met die Here gepraat het. Eli het vir haar gevra of sy dronk is, maar sy het dadelik verduidelik dat sy net besig was om met die Here te praat. Toe gebeur daar ’n baie interessante ding. Eli sê vir Hanna dat die Here vir haar sal gee wat sy gevra het. Is dit nie wonderlik nie! Hy weet nie eens waaroor Hanna en die Here gepraat het nie, maar sê dat sy sal kry wat sy vir die Here gevra het. Hanna was dadelik bly oor hierdie goeie nuus. Sy was nie meer hartseer nie en het geglo dat die Here vir haar ’n seun sou gee. Hanna het ’n babaseuntjie gekry en sy het hom Samuel genoem. Die naam Samuel beteken dat sy die seuntjie by die Here gekry het. Sy het die seuntjie grootgemaak totdat hy groot genoeg was om by die tempel te gaan werk, soos wat sy die Here belowe het. Daar het sy met die ou priester Eli gepraat. Sy het hom vertel dat die Here toe haar gebede verhoor het en vir haar ’n seuntjie gegee het. Sy wou nou ook haar gelofte aan die Here nakom en daarom het sy vir Samuel tempel toe gebring om elke dag daar by die tempel vir die Here te werk. Sy het daar by die tempel gebid en vir die Here baie dankie gesê dat Hy haar trane in blydskap verander het.

Ek is hartseer en ongelukkig soos Hanna. Alles lyk donker en sleg. Ek sien nie ’n uitkoms nie.



Mense soos Peninna terg en boelie my en maak dit net erger. Ek hoor alles wat die boelie sê.

Ek vertel alles vir die Here. Die lig begin die donkerte wen. Net soos met Hanna

Die Here is magtig. Hy verander in blydskap te verander. Dit is nie meer donker nie!

Die boelie kan nie meer my vreugde steel nie !!

Speletjie:

Maak verskillende gesigsuitdrukkings van mense.

*Kwaad	* Bly	*Hartseer
*Verbaas	* Skrik	*Hoogmoedig
*Weet nie	* Kan nie hoor nie	